

God daal neer na ons vlak

In fabels lees ons dikwels van diere wat wysrede kwytraak. Dit is nie hier die geval met die donkie van Bileam nie. Die dier sê self niks besonders nie. Die fokus val nie op *wat* hy sê nie, maar *dat* hy praat. Hier vind dus iets bo-natuurliks plaas. U en ek sou weggehardloop het, maar nie Bileam nie. Hy was onmiddellik geïnteresseerd. Onthou dat hy 'n towenaar en spiritis was. Hy was altyd op soek na onsigbare kragte en tekens uit die natuur. Hy het spoedig besef dat die God van Israel (wat die vorige nag met hom gepraat het) baie naby is.

Waarom kom God op so 'n wyse na Bileam? Die antwoord is eenvoudig: Bileam het nie geluister toe God direk tot hom gespreek het nie. Hy volhard om aan God ongehoorsaam te wees.

Daarom daal God nou na hom neer op sy vlak en terrein. God kom tot hom deur 'n teken uit die natuur – 'n donkie wat praat. Dit is al manier om die geharde heiden en towenaar te bereik. En kyk na die effek! Vir die eerste maal buig Bileam voor God (v 31) en vir die eerste keer in sy lewe bely hy sy sonde (v 34). Bileam is nog nie bekeer nie, maar hy is oorwin. Hy sal nou in opdrag van God Israel nie vervloek nie, maar seën.

In Jesus Christus (die Woord) en die Heilige Gees het God vandag na ons wêreld neergedaal. Hy ontmoet die ganse wêreld, geharde sondaars, op ons terrein – op aardse vlak en in aardse taal. Hy doen dit sodat die wêreld sy Woord kan verstaan en die evangelie binne die bereik van almal kan kom. Uiteindelik sal almal voor Hom buig en aan Hom diensbaar wees.

Sing: Skrifberyming 5:1,2

Ds AS Heystek (Akasia)